A.1 ONTWERPSPAN

1. OPDRAG

1.1 Reglement 3 pt 3.1: “Die Projekspan Agenda Algemene Sinode word deur die moderamen saamgestel …”
Die moderatuur het besluit om self as projekspan/ontwerpspan te funksioneer vir die beplanning van die Algemene Sinode. Die ontwerpspan het by twee geleenthede vergader en aan die ASM verslag gedoen van sy werksaamhede.

1.2 **PERSONEEL**
Die personeel was die volgende: ds Nelis Janse van Rensburg (sameroeper), ds Dirkie van der Spuy, dr Dewyk Ungerer, me Elize Bezuidenhout, dr Chris van Wyk en dr Gustav Claassen. Dr Lourens Bosman en me Ester Steyn het as addisionele lede van die projekspan opgetree.

2. PLEK EN DATUM VAN SINODE

2.1 **DATUM**
Die moderamen het die datum vir die sewentiende Algemene Sinode bepaal vir Sondag 6 tot Vrydag 11 Oktober 2019.

2.2 **KENNISGEWING**
Skribas en saakgelastigdes van die tien sinodes is op 3 April 2019 formeel kennis gegee van die vergadering asook voorsien van die noodsaaklike inligting soos dit in die Reglement vir Orde vermeld word.

2.3 **PLEK**
Die moderamen het goedgekeur dat die Algemene Sinode by die eMseni gehou word. Verblyf sal voorsien word by eMseni Christian Centre, Lumko en Outlook Lodge.

3. AFGEVAARDIGDES

3.1 Die name van die afgevaardigde predikante en ouderlinge/diakens (met sekundi) verskyn in die lys van afgevaardigdes in die Agendaboek (p 20).
3.2 In ooreenstemming met Reglement 3 pt 1.2 berus hierdie lys op die gesamentlike geloofsbriewe wat deur die skribas van sinodes ingedien is op grond van Kerkorde Art 38.1. Die berekening verskyn ook in die Agendaboek (p 26) Die berekening is deur die ASM goedgekeur en deurgegee aan die sinodes.
3.3 Die dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite en die Hugenote Kollege is adviserend teenwoordig (Kerkorde Art 38.2).
3.4 Aan die predikante in algemene sinodale en in sinodale diens, sowel as aan skribas van permanente kommissies en amptenare van soortgelyke status wat mede-verantwoordelikheid dra vir verslae wat voor die Algemene Sinode dien, en wat nie afgevaardigdes na die Algemene Sinode is nie, word reg van sitting met adviserende stem verleen wanneer daardie verslae en sake wat hulle werk raak, behandel word.
3.5 Alle wysigings aan die lys afgevaardigdes moet tydens registrasie op Sondag 6 Oktober 2019 voor 16:00 by die algemene sekretaris, dr Gustav Claassen, ingehandig word.
3.6 Plekke word gereserveer vir die ekumeniese verteenwoordigers en besoekers wat die moderatuur/ moderamen uitgenooi het.
3.7 ’n Beperkte getal sitplekke is beskikbaar vir besoekers. Besoekers moet registreer om aan die sekuriteitsvereistes van eMseni Christian Centre te voldoen.

4. REGISTRASIE

4.1 Die registrasie van afgevaardigdes vind vanaf Sondagoggend 6 Oktober 2019 om 11:00 tot 16:00 plaas by eMseni Christian Centre. Afgevaardigdes registreer alfabeties. Meer detail verskyn in die omsendskrywe aan elke afgevaardigde.
4.2 Afgevaardigdes ontvang naamkaartjies wat hulle deurgaans as identiteitskaartjies moet dra.

5. VERBLYF

5.1 Sinodes word versoek om verblyfbehoeftes aan te dui binne die raamwerk van die beplanning van die vergadering.
5.2 Kamerindelings word in oorleg met die sinodes gedoen.
5.3 Kamernommers en toegangsreëlings word tydens registrasie voorsien.

6. OPENINGSGELEENTHEID

6.1 Die openingsliturgie wat Sondagaand 6 Oktober 2019 om 18:00 plaasvind, is die amptelike opening van die Algemene Sinode. Die geleentheid word gereël en aangebied deur die ontwerpspan.

6.2 Die prediker is dr Pieter van Jaarsveld, leraar van die gemeente Bothaville.

7. KONSTITUERING

7.1 Die afgevaardigde bedienaar van die Woord met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die opening van die Algemene Sinode as deel van die openingsliturgie waar (vgl Reglement 3 pt 1.1). Die leraar is dr Pieter van Jaarsveld (Vrystaat Sinode).

7.2 Die Algemene Sekretaris help met die konstituering onmiddellik ná die openingsliturgie.

7.3 Die meerderheidstem ter vergadering vir gewone sake is 50 persent plus een, vir kerkordelike wysigings is ’n tweederde meerderheid nodig.

7.4 Die jong afgevaardigdes sit aan die tafels. Hulle het spreekreg, maar nie stemreg nie.

8. SITTINGSTYE

Die sittingstye word in die werkskema op p 16 weergegee.

9. VERLOF EN PERSONEELVERANDERINGS

9.1 ’n Dringende beroep word op elke afgevaardigde gedoen om die hele tyd in die vergadering teenwoordig te wees.

9.2 Indien ’n afgevaardigde ’n gedeelte van die sitting nie bywoon nie, moet hy/sy verlof neem en dit laat aanteken. Elke sinode tref self reëlings ten opsigte van die verlof van sy afgevaardigdes. Elke sinode se skriba, of iemand anders wat daarvoor aangewys word, hanteer die gewone verlofaansoeke van sy afgevaardigdes.

9.3 In die geval waar ’n primariuslid van die vergadering onttrek, neem die sekundus die plek van die primarius in en word ’n permanente deel van die vergadering.

9.4 Die betrokke skriba moet alle personeelveranderings aan die notulekommissie deurgee vir plasing in die notule asook met die oog op die kontrole van die kworum van die vergadering in oorleg met die algemene sekretaris.

9.5 Lede wat verlof neem, verlaag nie die kworum van die vergadering nie. Daar moet te alle tye ’n kworum teenwoordig wees vir wettige besluitneming.

10. ANDER REËLINGS

10.1 **VERVOER**

Lug- en padvervoer van groepe word deur die kantoor van die Algemene Sinode en streeksinodes gereël en gekoördineer. Sinodes word ook versoek om te reël dat afgevaardigdes wat per motor kom, saamry ter wille van kostebesparing. Afgevaardigdes wat per vliegtuig kom se reisreëlings na en van eMseni Christian Centre word via die kantoor van die Algemene Sinode met streeksinodes gereël.

10.2 **SITPLEKINDELING**

10.2.1 Afgevaardiges word by ronde tafels geplaas. Die spesifieke tafelnommer word aangedui op die naamkaartjie.

10.2.2 Indien ’n sekundus ná die verskyning van die agenda (en tydens die vergadering) opgeroep word, neem hy/sy sy/haar sitplek in op die naam van die primarius wat hy/sy vervang.

10.3 **MIKROFONE**

Reëlings oor mikrofone en spreekbeurte word ter vergadering getref.

10.4 **PARKERING**

Daar is genoeg veilige parkering vir afgevaardigdes op die terrein van die gemeente eMseni Christian Centre.

10.5 **DIENSTOONBANK**

’n Dienstoonbank word tydens die sitting ingerig met voltydse personeel. Hier kan afgevaardigdes boodskappe ontvang en stuur en algemene navrae rig. Inligting ten opsigte van vervoer, noodnommers, verblyfreëlings, ens sal hier beskikbaar wees. Daar word ook

voorsiening gemaak vir internettoegang en e-posfasiliteite. Die ligging van die dienstoonbank verskyn in die inligtingstuk wat tydens registrasie voorsien word.

10.6 **ADMINISTRASIEKANTOOR**

'n Administrasiekantoor word ingerig om aandag te gee aan al die nodige administrasie.

10.7 **ETES EN VERVERSINGS**

10.7.1 Alle etes vir alle afgevaardigdes word bedien soos aangedui op die inligtingstuk wat tydens registrasie verskaf word. Afgevaardigdes kan nie op sinodekoste elders gaan eet nie.

10.7.2 Tee/koffie en verversings word bedien soos aangedui op die inligtingstuk.

10.8 **UITSTALLINGS**

10.8.1 'n Aantal instansies stal hulle werksaamhede en produkte uit. Hulle het vooraf toestemming daartoe verkry.

10.8.2 Geen ander boeke, pamflette, artikels, ware, ensovoorts mag op enige plek op die terrein uitgestal, verhandel of uitgedeel word nie.

10.9 **MEDIESE DIENSTE**

Enige persoon wat dringend mediese hulp nodig het, kan navraag doen by die dienstoonbank.

10.10 **MEDIA**

10.10.1 Die Algemene Sinode is 'n oop vergadering tensy per geleentheid anders ter vergadering gereël word. Die pers is welkom by die sinode.

10.10.2 Geen video- of klankopnames van die verrigtinge mag gemaak word nie, behalwe met vooraf goedkeuring van die moderatuur.

10.11 **BRING ASSEBLIEF SAAM**

Afgevaardigdes moet die Bybel, agenda van die vergadering en skryfbehoeftes saambring. 'n Sak om dit alles in te sit word goedgunstiglik deur die Bybelgenootskap geskenk.

10.12 **KLEREDRAG**

Kleredrag word oorgelaat aan die eie diskresie van elke afgevaardigde. Die aanbeveling is netjies-informeel.

10.13 **BESOEKERS**

10.13.1 Ons werk met twee kategorieë van besoekers: dié wat volledig vir die hele tyd daar is (besoekers wat die sitting volledig wil bywoon moet asseblief met hulle sinodes onderhandel – ook ten opsigte van hulle registrasie en die betaling van hulle koste) en besoekers wat net bloot kom inloer/bysit vir sekere verslae. Laasgenoemde aanvaar volledig verantwoordelikheid vir eie etes by nabygeleë eetplekke asook eie verblyf.

10.13.2 Daar is beperkte plek vir beide kategorieë beskikbaar.

10.13.3 Dit is nie moontlik om te reël vir ekstra verversings/ etes vir besoekers nie (behalwe dié wat by die volledige pakket inskakel).

10.14 **INTERNETTOEGANG**

10.14.1 Internettoegang is afgevaardigdes se eie verantwoordelikheid. Die dienstoonbank sal in dringende gevalle behulpsaam wees.

11. AGENDABOEK

11.1 Die agendaboek word deur LFP Drukkers (Pretoria) gedruk. Die agenda word ook op die webwerf van die NG Kerk beskikbaar gestel by die volgende skakel: www.ngkerk.net/sinode2019.

11.2 Die agenda is deur die algemene sekretaris saamgestel op grond van die verslae van Taakspanne van die Algemene Sinode. Toestemming is deur die moderamen verleen dat bepaalde verslae laat mag wees.

11.3 Volgens besluit van die Algemene Sinode word die koste van gedrukte agendas en handeling-boeke/diskette deur gemeentes gedra. Rekeninge word egter aan sinodes gestuur wat die geld self by gemeentes moet insamel of op hulle eie wyse verkry. Dit vorm alles deel van die totale koste van die sitting.

11.4 In ooreenstemming met die Reglement van Orde pt 3.31 word die agenda aan “alle diensdoenende bedienaars van die Woord van die kerk, sowel as gemeentes, amptenare en belanghebbende instansies, gestuur”. Sinodes het aangedui hoeveel hardekopie-eksemplare van die agendaboeke hulle wil aanvra. Die agenda sal andersins aanlyn beskikbaar wees.

11.5 Alle navrae in verband met die agenda moet gerig word aan die algemene sekretaris, dr Gustav Claassen.

11.6 Die agenda sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word. Die werkskema dui die verloop van die sitting aan. Die Reglement van Orde bepaal (3.3) dat die algemene sekretaris aantekeninge moet maak van sake wat op meer as een plek in die agenda voorkom en die aantekeninge tot beskikking van die voorsitter van die Algemene Sinode moet stel.

11.7 Daar word nie ’n embargo op die inhoud van die agendaboek geplaas nie. Vergelyk die besluit van Algemene Sinode 1998 (bl 465: 2.3 onder C.1.2) hieroor: Die Algemene Sinode plaas geen embargo op toekomstige agendas nie, afgesien van spesifieke sake waaroor die kommissie vir die agenda vooraf sou kon besluit dat ten opsigte daarvan ’n embargo nodig is.

12. TAAKSPANNE TYDENS DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende “sinodekommissies” en “tydelike taakspanne” wat tydens die sitting moet funksioneer, word aanbeveel.

12.1 SINODETAAKSPANNE EN -FUNKSIONARISSE

12.1.1 **NOTULEKOMMISSIE**

- Die notulekommissie word saamgestel deur die ontwerpspan.
- Die notulekommissie is in opdrag van en in oorleg met die algemene sekretaris verantwoordelik vir die noukeurige notulering van die handelinge van die Algemene Sinode.
- Die notule word daagliks aan die sinode voorgelê. Nadat dit uitgedeel is, kan skriftelike kommentaar en verbeterings aan die aangewese lid van die notulekommissie gegee word. Die notulekommissie werk dit in en lê dit, waar toepaslik, aan die sinode voor by die behandeling van die notule.

12.1.2 **SKAKELKOMMISSIE**

Dr Gustav Claassen en lede van die nuutverkose moderatuur. Hulle skakel met die pers en werkgroepe in die vergadering wanneer nodig. Belangrike besluite sal per persverklaring bekend gemaak word.

12.1.3 **STEUNSPAN**

Me Ester Steyn (kantoor van die Algemene Sinode) en vyfde en sesdejaarteologiestudente van die Teologiese Fakulteit Pretoria.

12.1.4 **LITURGIE/ AANBIDDING/ MUSIEK**

Die ontwerpspan is verantwoordelik. Ds Barnard Steyn is die sameroeper.

12.1.5 **TAFELLEIERS**

Tafelleiers sal vooraf aangewys en opgelei word. Die opleiding sal plaasvind op Sondag, 6 Oktober 2019 vanaf 16:00 te eMseni Christian Centre onder leiding van dr Lourens Bosman en ds Francois Retief.

12.1.6 **LOGISTIEK**

Die ontwerpspan sorg dat alle logistieke reëlings voor en tydens die sitting in plek is.

12.1.7 **STEMTELLERS**

Dr Lourens Bosman, plus nog twee persone en lede van die steunspan sal verantwoordelik wees.

12.1.8 **TOLKE**

Reëlings word getref om deurlopende tolkdienste te verskaf.

12.1.9 ***KERKBODE***

Die personeel van *Kerkbode* neem verantwoordelikheid om elke lidmaat – in die vergadering, by die huis en die man op straat – so vinnig, volledig en akkuraat as moontlik in te lig oor dit wat by die vergadering gebeur.

12.1.10 **DIE PROSES TER VERGADERING**

Die moderatuur word tydens die vergadering bygestaan deur die volgende groepe mense ten einde die vergadering vlot te laat verloop:

- Die voorsitters van die tien sinodes se diensrade/ sinodale kommissies/ moderamens.
- Die lede van die Ontwerpspan.
- 'n Luisterspan wat bestaan uit ds Maartje van der Westhuizen, prof Willie van Heerden, dr André Olivier en ds Nioma Venter.
- Fasiliteerders is beskikbaar om, waar nodig, hulp te verleen. Ds Barnard Steyn, ds Danie Mouton en dr Pieter van Jaarsveld sal as fasiliteerders optree.
- Skryf van 'n roepingsverklaring: ds Danie Mouton, ds Jurgens de Jager en dr James Kirkpatrick.
- Aanmelding van insidente wat ongemak vir sinodegangers veroorsaak: dr Almetine Leene, di Elize Klut en Christo van Vuuren.

12.2 TYDELIKE TAAKSPANNE

12.2.1 **SAMESTELLING EN TAAK**

- Die Reglement van Orde bepaal dat tydelike taakspanne, behalwe waar anders voorgeskryf, deur die agendaprojekspan (ontwerpspan) aangewys word en reeds voor die aanvang van die sinode met hulle werksaamhede mag begin (Reglement van Orde, pt 7.1.).
- Predikante/amptenare in diens van die sinodes en van die Algemene Sinode het sitting met adviserende stem in die betrokke tydelike taakspanne (as afgevaardigdes of as waarnemers op koste van sinodes).
- Tydelike taakspanne behandel beskrywingspunte wat na hulle verwys word, of sake wat ter vergadering verwys word, en dien die Algemene Sinode met aanbevelings. Insenders van beskrywingspunte mag die betrokke punt by die tydelike taakspanne persoonlik toelig. Tydelike taakspanne maak nie aanbevelings oor die verslae van taakspanne nie tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die Algemene Sinode na hulle verwys is. Tydelike taakspanne moet sover moontlik uit lede van die ooreenstemmende taakspanne bestaan (Reglement van Orde, 7.4-7.5.).

12.2.2 **PERSONEEL VAN TYDELIKE TAAKSPANNE**

Vgl die aanvullende agenda in dié verband.

12.2.3 **VOORAF VERGADERINGS VAN TYDELIKE TAAKSPANNE**

Die aanbeveling is dat slegs die tydelike taakspan vir sake wat met regte/ kerkordelike sake verband hou vooraf vergader. Al die ander tydelike taakspanne hoef nie vooraf bymekaar te kom nie en kan hulle werk tydens die sinodesitting afhandel. Indien daar iets opduik wat 'n vooraf vergadering van 'n tydelike taakspan noodsaak, sal lede betyds opgeroep en reisreëlings aangepas word.

12.2.4 **FUNKSIONERING VAN TYDELIKE TAAKSPANNE**

- Sodra 'n tydelike taakspan 'n redelike deel van sy agenda afgehandel het, word die betrokke deel van sy verslag aan die notulekommissie oorhandig wat dit nasien ten opsigte van die regte formaat en numerering en wat sorg vir die tik en duplisering daarvan. Proefleeswerk word deur die notulekommissie en die skriba van die betrokke tydelike kommissie gedoen.
- Die verslae van tydelike taakspanne kry dieselfde nommer as die afdeling van die agenda waarop die saak betrekking het, met 'n T vooraan, byvoorbeeld T.1.4. Indien daar meer as een verslag van die betrokke tydelike kommissie is, word dit T.1.4.1, T.1.4.2, ens.
- Tydelike taakspanne moet die beskrywingspunt of punte uit 'n verslag waaroor dit gaan, duidelik aandui en, indien hulle dit aanbeveel, in hulle aanbeveling die volledige besluit

wat deur die sinode geneem moet word, weergee, sodat dit woordeliks in die handelinge van die Algemene Sinode opgeneem kan word.

13. WERKSKEMA

Die werkskema verskyn op bladsy 16 van hierdie agendaboek. 'n Finale werkskema word, indien nodig, op 6 Oktober 2019 voorsien.

14. PROSESSE VIR DIE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die ontwerpspan het deeglik probeer aandag gee aan die prosesse om die vergadering van die Algemene Sinode as 'n verantwoordelike en onderskeidende geleentheid te laat vlot. Die volgende is belangrike merkers hiervoor:

14.1 ONS KOM VOORBEREID

14.1.1 Dit word as 'n gegewe aanvaar dat afgevaardigdes die agenda deeglik gelees en biddend nagedink het oor die sake waaroor daar besin en besluit moet word.

14.1.2 Dit word verder as 'n gegewe aanvaar dat afgevaardigdes met 'n oop gemoed kom vergader om saam met ander afgevaardigdes te soek na wat ons glo die Here nou van ons wil hê.

14.1.3 In ons voorbereiding moet ons baie goed verstaan dat, alhoewel ons deur 'n bepaalde vergadering afgevaardig is na die Algemene Sinode, die Algemene Sinode 'n vergadering in eie reg is waar ek nie gebind word deur die besluite van afvaardigende vergaderings ten opsigte van sake in die agenda nie, maar met 'n vrye gewete my deur die Gees van die Here moet laat lei oor hoe die Algemene Sinode oor 'n bepaalde saak moet handel.

14.1.4 Ons gaan by hierdie vergadering tydens ons wydingsgeleenthede met die tema "Maak 'n lewegewende verskil!" besig wees. Meer daaroor hieronder. Doen asseblief moeite om tyd in jou stiltetyd in te ruim vir voorbidding vir die vergadering.

14.2. ONS SIT OM RONDE TAFELS

Ons saamsit om ronde tafels is nie sommer-maar-net nie. Ons is saam-met-ander by die Algemene Sinode, susters en broers – my familie – wat my met gasvryheid en liefde omarm, wat my ondersteun en help, wat my help soek na lig oor moeilike sake, en wat aan my gegee is om my te leer en te vorm. Hier kan ons ook saam stil word en saam bid.

14.3. ONS WERK BINNE DIE RUIMTE VAN 'N LITURGIE

14.3.1 Die liturgiese inkleding verpak nie die inhoudelike van die sinode nie, maar die styl van die vergadering. Die sinode word daarom so ingerig dat die liturgie, saam met die dialoog en gesprekke, die sinode se werk kan dien. Die liturgiese inkleding sal daarom geïntegreerd wees met die sittingsprosesse en temas.

14.3.2 Ons is 'n kerklike vergadering waar afgevaardigdes moet ervaar "God is hier teenwoordig".

14.4. ONS HET VERSKEIE RUIMTES EN GELEENTHEDE OM ONS STEM TE LAAT HOOR EN ONS TE LAAT LEER

14.4.1 Die verskillende sinodes se afgevaardigdes vergader gereeld.
Ruim tyd word ingeruim sodat die verskillende sinodes se afgevaardigdes kan byeenkom om aan sake aandag te gee wat na hulle verwys word, om te besin oor hoe hulle besluite van die Algemene Sinode na hulle gebiede toe neem, om die verloop van die sitting te evalueer asook mekaar te ondersteun.

14.4.2 Gesprekke in sinodale verband
Geleenthede word ingeruim waartydens afgevaardigdes in sinodale verband met mekaar in gesprek kan tree.

14.4.3 Gesprekke in die groot vergadering self

- Elke afgevaardigde het uiteraard die reg om op die vloer 'n bydrae te lewer, 'n voorstel of amendement in te dien, 'n ordemosie te stel, te stem, ens.
- Kyk asseblief ook in dié verband deeglik na Reglement 3 – ons Reglement vir Orde.
- Die inleier van 'n verslag sal vyf minute toegelaat word. Sprekers sal toegelaat word om hulle saak te beredeneer binne die tydsbestek van drie minute. 'n Spreker sal een spreukbeurt oor die saak toegelaat word. Drie minute sal toegelaat word vir repliek. (Sien Reglement van orde 3.3.9).

14.4.4 Gesprekke om die tafel

- Ruimte word gegee, en tafelgenote het uiteraard ook die reg en die ruimte om met mekaar in gesprek te wees.
- Die voorsitter kan ook ’n bepaalde saak na die tafels vir gesprek verwys. ’n Proses is gereed om die inligting/ reaksie van so ’n gesprek vinnig te verkry en te verwerk.

14.4.5 Tydelike taakspanne

Afgevaardigdes het die reg om tydelike taakspanne te ontmoet indien hulle meer duidelikheid sou wou hê of oor ’n bepaalde saak wat verwys is ’n bydrae wil lewer. Die name van die sameroepers van die tydelike taakspanne verskyn elders in die sakelys.

14.5. ONS TREE MET BEPAALDE WAARDES OP

Dit is belangrik dat ons, ter wille van die eer van die Here, die menswaardige hantering van mekaar asook die styl waarop ons dinge in die NG Kerk doen, op ’n bepaalde manier optree. Die ontwerpspan versoek die vergadering om met die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid te werk. Die waardes is die volgende: respek, luister, omarm en liefhê. Uiteraard funksioneer die waardes van die Seisoen van Luister waarmee die NG Kerk ’n lang pad kom steeds in al ons byeenkomste: leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid – ook om doelgerig diensbaar aan mekaar te wees.

14.6 ONS GAAN ONDERSKEIDEND TE WERK

14.6.1 Die kern van ons manier van onderskei, is om met die Woord besig te wees.

Die missionale strategiese span het versoek dat die ritmes van ’n missionale kerk gebruik word in die prosesse van die sinode: Nadink en vier (onderskei), luister, gaan oor grense, fokus/verhelder, implementeer.

- Die oorhoofse tema is *Maak ’n lewegewende verskil*!
- Liturge word by elke dagwyding afgewissel en hanteer die volgende onderskeidingstemas:
  - Eerste dagwyding: Identiteit, beleid en roeping.
  - Tweede dagwyding: Publieke getuienis.
  - Derde dagwyding: Diversiteit en identiteit.
  - Vierde dagwyding: Relevansie en roeping van die kerk.
  - Aan die einde van die dag sal afsluiting met gebed by die tafels plaasvind.

14.7 ONS IS ’N GROEN SINODESITTING

14.7.1 Daar is gereël om papier, plastiek, glas en blik te herwin. Afgevaardigdes se samewerking word gevra.

14.7.2 Daar is waterhouers beskikbaar om water te kry. Ons voorsien water in plastiekbottels vir elke dag, gegewe die koolstof- en besoedelingspoor wat dit laat.

14.7.3 Daar is ’n houer beskikbaar vir afgevaardigdes wat van batterye ontslae wil raak.

14.7.4 Sakke vir afgevaardigdes word van verwerkte materiaal gemaak en van ’n werkskeppingsprogram verkry.

14.7.5 Die minimum papierstukke word tydens die vergadering uitgedeel – en dit sluit brosjures, ens in. Adverteerders se advertensies word elektronies vertoon.

15. ANDER SAKE

15.1 **SPIRITUALITEITSOEFENINGE**

15.1.1 Die ontwerpspan het gereël dat ’n verskeidenheid van persone verantwoordelik sal wees vir die liturgiese wydingsgeleenthede. Afgevaardigdes word versoek om betyds hulle plekke in te neem sodat die verrigtinge stiptelik en sonder enige steurnis kan begin.

15.1.2 Alle afgevaardigdes moet die spiritualiteitsoefeninge bywoon en geen vergadering van tydelike taakspanne word tydens hierdie geleenthede toegelaat nie.

15.2 **GROETEBOODSKAPPE**

Groeteboodskappe word die Woensdagmiddag tydens die ekumenegeleentheid hanteer.

15.3 **EKUMENIESE VERTEENWOORDIGERS**

15.3.1 Die volgende kerke is uitgenooi om die sinodesitting by te woon:

Kerke uit Suid-Afrika: Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, United Congregational

Church of Southern Africa, Anglican Church of Southern Africa, Methodist Church of Southern Africa, South African Catholic Bishops Conference, Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika, Volkskerk van Afrika, Evangeliese Lutherse Kerk (NT), Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, The Evangelical Alliance of South Africa, Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.
Kerke uit Suider-Afrika: Swaziland Reformed Church, Reformed Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia, Reformed Church of East Africa, Igreja Reformada em Moçambique, Dutch Reformed Church in Botswana, Church of Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod), Church of Central Africa Presbyterian (Harare Synod), Lesotho Evangelical Church in Southern Africa.
Kerke elders in die buiteland: Protestantse Kerk in Nederland, Reformed Church in Hungary, Reformed Church in Japan, Christian Reformed Church in Sri Lanka, Uniting Church in Australia, Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië, Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland, Christian Reformed Church in North America, Voortgezette Gereformeerde Kerken in Nederland.

15.3.2 Alle boodskappe word skriftelik ontvang en in die handelinge opgeneem.

15.3.3 'n Spesiale kuiergeleentheid saam met sinodegangers word vir ekumeniese verteenwoordigers beplan.

15.3.4 Ekumeniese verteenwoordigers sal by gereserveerde tafels sit en tolkdienste sal aan hulle voorsien word.

15.4 **SPREEKBEURTE**

Spreekbeurte vir persone van buite word tydens die sitting tot die absolute minimum beperk. Die moderatuur saam met die ontwerpspan oefen hier hulle diskresie uit.

15.5 **INWERKINGSTELLING VAN BESLUITE**

Die Algemene Sinode het in 1994 besluit dat 'n besluit van die sinode in werking tree met die publikasie van die Handelinge van die Algemene Sinode tensy die sinode anders besluit. Die Kerkorde en Reglemente tree in werking by die publikasie daarvan (Handelinge 1994, bl 426).

16. AFSLUITING VAN DIE SINODE

Die afsluitingsgeleentheid van die sinode behoort nie later as 11:00 op Vrydagmiddag 11 Oktober 2019 te begin nie. Afgevaardigdes moet asseblief hulle reisreëlings so tref dat hulle die sitting enduit kan bywoon. Die afsluiting sal waargeneem word deur dr Pieter van Jaarsveld.

17. AANBEVELING: REËLINGS SINODE 2019

Die Algemene Sinode keur die reëlings van die agendaprojekspan/ontwerpspan goed.

WERKSKEMA

SONDAG 6 OKTOBER 2019

11:00-16:00	Registrasie by eMseni Christian Centre.
13:00-14:00	**Middagete**: Tydelike taakspanne en afgevaardigdes wat reeds aangekom het, eet by eMseni Christian Centre.
15:30-16:30	Opleiding van tafelleiers.
16:30-17:30	**Aandete**: eMseni Christian Centre.
18:30-19:30	**OPENINGSGELEENTHEID** TEMA: ***Maak 'n lewegewende verskil!* –** Dr Pieter van Jaarsveld
19:30-21:00	**Sessie 1** Die konstituering, hantering van die ordereëlings en verkiesing van moderator.

MAANDAG 7 OKTOBER 2019

07:30-08:30	**Ontbyt**
08:30-09:00	DAGWYDING – ***Ons roeping en die toekoms van die kerk.***
09:00-10:30	**Sessie 2: Die identiteit, beleid en roeping van die kerk**. <u>Verslae:</u> Navorsing (A.4.1, p259) Scenario Beplanning (Laatstuk)
10:30-11:00	**Oggendtee**
11:00-11:15	Sang, Video: Kerk in Aksie
11:15-12:30	**Sessie 3**: <u>Verslag:</u> Kerkverband (A3.3, p229)
13:00-14:00	**Middagete**
14:00-14:15	Sang, Video: Kerk in Aksie
14:15-16:00	**Sessie 4: Die relevansie en roeping van die kerk** <u>Missionale Verslae</u> Missionale kerkwees (A3.1, p174) Missionale Ekklesiologie (A3.1.1, p193) Nuwe geloofsgemeenskappe (A3.1.2, p203) Gemeentebediening (Brugbediening) (A3.1.3, p212) Lidmaatbemagtiging (A3.1.4, p218)
16:00-16:30	**Middagtee**
16:30-16:45	Sang, Video: Kerk in Aksie
16:45-18:00	**Sessie 5:** <u>Ondersteuningsdienste Verslae</u>:

ATR (Algemene Taakspan Regte) (A5.1, p356)
- Kerkorde wysigings (A5.1.1, p360)
- Missionale Kerkorde Wysigings (A5.1.2, p365)

Bedryfspan (A5.2, p397)
Algemene Taakspan Fondse en Bates (A5.3, p404)
Argief (A5.4, p422)

18:00-19:00 Aandete
(Moderators eet saam)

19:00-20:00 **Sessie 6**
Sinodegesprekke

20:00-21:00 Taakspanne – wegbreeksessies

DINSDAG 8 OKTOBER 2019

07:30-08:30 Ontbyt

08:30-09:00 DAGWYDING – ***Ons getuienis in die wêreld.***

09:00-10:30 **Sessie 7: Publieke getuienis**
Die kerk se getuienis oor onreg, korrupsie, mishandeling en wetteloosheid, etiese leierskap en die plaaslike gemeente se publieke getuienis
Verslag:
Moderamen: Publieke getuienis (A2-7, p62)

10:30-11:00 **Oggendtee**

11:00-11:15 Sang, Video: Kerk in Aksie

11:15-13:00 **Sessie 8**
Verslae:
Moderamen: Publieke getuienis (vervolg)
Godsdiens in skole (A2-7.1.1, p62)
Onderwys (A2-7.1.2, p62; Bylaag 3, p86)
Haatspraak (A2-7.1.3, p62; Bylaag 4, p92)
CRL (A2-7.1.4, p63; Bylaag 5, p123)
Grondhervorming (A2 – 7.1.5; p64; Bylae 6 & 7, p126-140)
Gendergeregtigheid (A2-6.2; p58; Bylaag 13, p164)
Menswaardigheid(A2-6.3, p60)
Ekonomie (A2-7.4.1, p69; Bylaag 10, p146)
Ekologie (A2-7.4.2; p70; A4.4, p 304)
Rassisme (A2-7.3.3; p69; Bylaag 8, p141)
Gesprekke met politieke leiers (A2-7.2, p65)
Kwessies wat reaksie van die kerk regverdig het (A2-7.3, p67)

13:00-14:00 **Middagete**

14:00-14:15 Sang, Video: Kerk in Aksie

114:15-16:00 **Sessie 9**: Selfdegeslag-verbintenisse (A2-3.3, p32)
Verslae:
Moderamenverslag
Verslag Ad-hoc taakspan
Gravamina & beswaarskrifte
Tersaaklike beskrywingspunte

16:00-16:30 **Middagtee**

16:30-16:45	Sang, Video: Kerk in Aksie
16:45-18:00	**Sessie 10**: Selfdegeslag-verbintenisse (vervolg)
18:00-19:00	**Aandete**
19:00-20:30	**Sessie 11**: Selfdegeslag-verbintenisse (vervolg)

WOENSDAG, 9 OKTOBER 2019

07:30-08:30	**Ontbyt**
08:30-09:00	DAGWYDING – ***Die rol van die kerk in 'n verdeelde samelewing***
09:00-10:30	**Sessie 12: Diversiteit.** Die rol van die kerk in 'n verdeelde samelewing, die skep van ruimtes vir begrip, hoe luister ons na mekaar? 'n Teologie van diversiteit. Ons gedeelde mensheid in Christus. Hoe hanteer ons diversiteit en multikulturaliteit?
.	
10:30-11:00	**Oggendtee**
11:00-11:15	Sang, Video: Kerk in Aksie
11:15-13:00	**Sessie 13:** Teologiese diversiteit en teologiese opleiding Verslag: ATLAS (Algemene Taakspan Leer & Aktuele Sake) (A4.2, p261)
13:00-14:00	Middagete
14:00-14:15	Sang, Video: Kerk in Aksie
14:15-16:00	**Sessie 14:** Verslag: Predikantesake (A5.5, p443)
16:00-16:30	Middagtee
16:30-16:45	Sang, Video: Kerk in Aksie
16:45-18:00	Sessie 15 Verslag: Moderamen Ekumene (A2-4, p33)
18:00-19:00	**Aandete**:
19:00-20:30	Sessie 16 Ekumeniese Gesprekke
20:30	Tydelike taakspanne vergader soos nodig.

DONDERDAG 10 OKTOBER 2019

07:30-08:30	**Ontbyt**
08:30-09:00	DAGWYDING – ***Ons verbondenheid aan die land en konteks.***
09:00-10:30	**Sessie 17:** Die relevansie en roeping van die kerk: ons verbondenheid aan die land en konteks, ons lidmate in die wêreld.

Verslag
Algemene Kuratorium (A4.5, p312)
- Besinning oor die Ampte (4.5.1, p315)
- Raamwerk vir Missionale bedieningsontwikkeling (A4.5.2, p324)
- Teologiese Opleiding – Beplanning (A4.5.3, p354)

10:30-11:00 **Oggendtee**

11:00-11:15 Sang, Video: Kerk in Aksie

11:15-13:00 **Sessie 18**
Verslae:
Geloofsvorming: Jeug (A4.3, p271)
Sub-Taakspan: Jeuginisiatiewe #Imagine (A4.3.1, p276)
Sub-Taakspan: Kategese (A4.3.2, p281)
Sub-Taakspan: Belydenis van geloof (A4.3.3, p288)

Vrouelidmate (A7, p503)

13:00-14:00 **Middagete**

14:00 - 16:00 **Sessie 19**
Die kerk se voortgesette stryd teen armoede en ongeregtigheid
Verslae:
Missionale Diakonaat (A3.2, p220)
KMDR (A6.4, p497)

16:00-16:30 **Middagtee**

16:30-16:45 Sang, Video: Kerk in Aksie

16:45-18:00 **Sessie 20**
Verslae
Bybelgenootskap & Bybelvertaling (A6.3,p491)
Bybel-Media (A6.1, p484)
CLF (A6.2, p488)
Moderamenverslag: Hugenote Kollege (A2-13.1, p74)

18:00-19:00 **Aandete**
(Moderators eet saam)

19:00-20:30 **Sessie 21**
Sinodegesprekke

20:30 Moontlike konstituering van nuwe ASM

VRYDAG 11 OKTOBER 2019

07:30-08:30 **Ontbyt**

08:30 Kort Opening – Spirualiteitsoefening

08:40-10:30 **Sessie 22**
Afhandeling van uitstaande sake

10:30-11:30 **Afsluitingsgeleentheid**
Dr Pieter van Jaarsveld

LYS VAN AFGEVAARDIGDES NA ALGEMENE SINODE 2019
Let wel: Hierdie lys word vóór die konstituering van die sinode deur die skriba van elke sinode verbeter of aangevul. Die konstituering geskied dan aan die hand van die verbeterde en getekende lys wat as geloofsbrief dien. Die gegewens hieronder is soos dit met die uitgee van die agenda van die tien sinodes ontvang is.

SINODE VAN WES- EN SUID-KAAPLAND

PRIMARII: PREDIKANTE
Janse van Rensburg N
Venter N*
Stander CJ
Herselman FJ
Marais N*
Boonzaaier MR*
Marais JF
Minnaar AH
Muller WHB
Nel M*
Van Niekerk H
Agenbach GA
Le Roux MH
Leene AMJ*
Büchner LC*
Marais JG
Malherbe PB
Nel DT

SEKUNDI: PREDIKANTE
Smit WA
Benadé CR
Louw AF
Van Santen PJ
Van Zyl MS
Botha C
Theron MC
De Villiers M
Du Pisanie BHJ
Goosen MR
Taljaard JLF
Gouws GJ
Grobbelaar JG
Swart T
Eloff PJH
Verwey AJ
Barnard J
Sahd MP

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Stadler J
Thirion M*
Burrows L
Eloff SJ
Groenewald C
Gultig D
Leeuwner S*
Ross M*
Maritz L*
Niehaus HW
Joubert L
Westraadt AP
Jansen van Rensburg ME*
Furniss JC*
Van Heerden WJ
Du Preez M*
White T*
Griesel PHR

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

Bosman FW
Human LI
Streicher MJ
Fourie LP
Crous JM
Mostert N*
Stone HJS
Booysens A*
Marais JA*
Nel K
Stofberg PJ
Van Deventer S*
Williams KG
Steyn M*
Kantey S*
Richter JP
Muller DM
Magalie K*
Laubscher A*
Montgomery PT
Brümmer S*
Blomerus SC*
Truter L
Hattingh JC

SINODE VAN OOS-KAAPLAND

PRIMARII: PREDIKANTE

Ds Bester E*
Dr Davel DH
Ds Jacobs B-M*
Ds Louw JJ
Ds Mouton DW
Ds Pretorius JJ
Ds Stapelberg JPM
Ds Steyn EH
Ds van Schoor TJ

SEKUNDI: PREDIKANTE

Ds Schoeman WD
Ds Strydom DO
Ds Thomas DC
Ds Van Jaarsveld A

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Boshoff IJ*
Coetsee DP de W
De Bruyn L*
Judeel G
Louwrens A
Meyer GR
Potgieter FT
Van Schalkwyk IJ

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

SINODE VAN NOORD-KAAPLAND

PRIMARII: PREDIKANTE

Ds Oosthuizen J
Ds De Villiers AC
Prof Knoetze JJ
Dr Duursema GJ
Ds Albertyn SW
Ds De Wet GPM
Ds Lourens RJ

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Claassens LSG
Vorster FN
Greyling EJ VZ
Snyman JL
Joubert FD
Britz P

WAARNEMERS ONDER 35 JAAR

Ds Van Staden N
Ds Van Graan BR

SINODE VAN KWAZULU-NATAL

PRIMARII: PREDIKANTE

Botha PJ
De Koning RS
Malherbe M*
Naudé T

Theunissen H
Tolmay BJ

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Britz JJ
Jordaan JDS
Nel BJ
Van Zyl PW

WAARNEMERS ONDER 35 JAAR

Groenewald Q
Maritz PF

SINODE VAN VRYSTAAT

PRIMARII: PREDIKANTE

Dr Van Jaarsveld PJ
Ds Van Zyl AP
Dr Van Schalkwyk CHJ
Ds Meiring A
Dr Celliers A
Dr Foot LM
Dr L Hoffman*
Dr Smith HA
Ds Jonker I
Ds Louw M
Dr Geyser JJ

SEKUNDI: PREDIKANTE

Dr Botes DH
Ds Redelinghuys J
Ds Van Zyl AS
Ds Burger SW

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Strydom J
Lubbe CH
Dr Botha GP
Du Plessis EJ*
Geel PJJ
Langenhoven D
Samuel DR
Conradie SB
Roux PE
Van Wyk BK

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

Wepener DJ
Mitton M
Ackerman FS
Wentink L

WAARNEMERS ONDER 35 JAAR

Claassens DW
Van Jaarsveld M

SINODE GOUDLAND

PRIMARII: PREDIKANTE

Brink Johan
Kritzinger Andries
Du Plessis Grant
Fick Anton
Nel Irma*
Scott Schalk
Benade Sanré*

SEKUNDI: PREDIKANTE

Botha Rudolph
Van Staden Coenraad
Venter Dirk
West Hennie
Smith Chris
Scholtz Quintes
Raubenheimer Johan

Marais Sarel
Mieny Anton
Mojaki Joshua

Olivier Chris
Cello David
Van Zyl Fralene*

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Van Rensburg Bok
Van Rensburg Nico
Maritz Con
Du Plessis Japie
Louw Tommie
Theron Pieter
Van Rooyen G
Chidrawi Christa*
Van der Werff Nic
Liebenberg Willie
Mifafi Lauwrence

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

Birkenstock FW
Van der Westhuizen Willem
Melherbe Jaap
Bothma K
Lombard J
Jahns J
Pohl P
Grootes R
Momberg R
Van Vuuren KJ
Nakedi Isaac

NOORDELIKE SINODE

PRIMARII: PREDIKANTE

Benadé MJ
Bezuidenhout JM
Botha JA
Cronjé SI
Grobler PJ
Jansen van Vuuren C
Kirkpatrick JD
Kriek TR
Nel AS
Ungerer L
Van Niekerk M*
Wildenboer JM

SEKUNDI: PREDIKANTE

Botha A
Esterhuizen F
Haasbroek JG
Janse van Rensburg DH
Janse van Rensburg PJ
Jordaan PJ
Kriel PJ
Lambrechts HJP
Lemmer LAS
Le Grange M
Meyer TJM
Opperman R
Roux D
Stapelberg HJ
Ueckermann DJH
Van Niekerk ACJ

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Brand C
Brynard PA
Du Toit CJ
Kruidenier CM*
Malan G
Moolman PL
Nel M
Oosthuizen L
Schreuder HA
Smal AJ
Van Heerden SW

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

Bredenkamp T
Brits JCM*
Muller LM
Olivier CP
Pretorius N
Saaiman S
Siebrits F
Theron D

WAARNEMERS ONDER 35 JAAR

De Lange J*
Van Niekerk W

Du Preez B*
Randall CJ

SINODE HOËVELD

PRIMARII: PREDIKANTE

Dr Bartlett AL
Ds Windell JH
Dr Botha JS
Ds McDuling JJ
Ds Bergh EJM
Ds Klut HS*
Dr Loubser GMH
Dr Kruger P
Ds Theron S*
Dr Du Randt C de K

SEKUNDI: PREDIKANTE

Ds Lubbe WJ
Dr Malan DJ
Ds Klut BD
Ds Hepburn J*
Ds Schoonwinkel L*
Ds Du Toit ISD
Ds Visser MA*
Ds Marais TIF

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Visser A*
De Klerk WD
Dr Buys C*
Reynolds G
Labuschagne HC
Van der Merwe MH*
Niemandt HO
Britz SJS*
Kleynhans S

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

Brink GJ*
Mocke JAP
Espag HJJ
De Ru CJ*
De Jager JNJ
Van Zyl OAW
Grobler A*
Coetzer I*
Ds Cruywagen GA

WAARNEMERS ONDER 35 JAAR

Jacobs W
Jacobs R*

OOSTELIKE SINODE

PRIMARII: PREDIKANTE

Ds De Jager JJ
Ds Vosloo GHG
Dr Strydom J
Ds Van der Westhuizen M*
Dr Dorey PJ
Ds Koen JPT
Ds Venter JS
Ds Van Vuren FM*
Dr Van Dyk S
Dr Erasmus T
Dr Potgieter J

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Theron MH
Ds Van der Spuy DE
Janse van Vuren M
Kemp JA
De Jager J*
Du Plessis GJ
Klopper DJ
Bezuidenhout EJ*

Ds Retief FJ
Dr Van Zyl GJ
Lübcker JJ
Van Heerden CRM

WAARNEMERS ONDER 35 JAAR

Ds Botha C*
Ds Greyling A*

SINODE VAN NAMIBIË

PRIMARII: PREDIKANTE

Dr Olivier AR
Ds Van der Merwe MJN
Ds Coetzee E
Ds Poggenpoel PG
Ds Liebenberg G
Ds Fourie L

SEKUNDI: PREDIKANTE

Ds Maritz JHG
Dr Strauss JJ de W
Ds Du Plessis V
Ds De Koning J
Ds Hay-Blaauw H*

PRIMARII: KERKRAADSLEDE

Louw AC*
De Smit H
Schoeman WJ
Dr Bedeker CJ
Gouws JJ
Kuvare G

SEKUNDI: KERKRAADSLEDE

Klein TG
Van der Westhuizen GP
Brits J*

BEREKENING VAN DIE PROPORSIONELE KOMPONENT VAN SINODES SE AFVAARDIGING NA DIE EERSKOMENDE ALGEMENE SINODE IN TERME VAN KERKORDE ARTIKEL 38. DIE BEREKENING IS GEDOEN VOLGENS DIE STATISTIEK IN DIE 2019-UITAWE VAN DIE JAARBOEK.

Komponent gebaseer op die aantal belydende lidmate van sinodes

SINODE	2019-GETAL	%	AFVAAR-DIGING
Wes-Kaapland	182 384	26,4	26
Oos-Kaapland	48 984	7,1	7
Noord-Kaapland	26 887	3,9	4
Kwazulu-Natal	18 849	2,7	3
Vrystaat	73 465	10,6	11
Goudland	77 245	11,2	11
Noordelike Sinode	90 258	13,1	13
Hoëveld	68 926	10,0	10
Oostelike Sinode	89 383	12,9	13
Namibië	14 669	2,1	2
TOTAAL	**691 050**	**100,0**	**100**

TOTALE AFVAARDIGING

Sinode	Vaste komponent	Berekende komponent	Totaal	Dominees	Kerkraads-lede
Wes-Kaapland	10	26	36	18	18
Oos-Kaapland	10	7	17	9	8
Noord-Kaapland	10	4	14	7	7
Kwazulu-Natal	10	3	13	6	7
Vrystaat	10	11	21	11	10
Goudland	10	11	21	10	11
Noordelike Sinode	10	13	23	12	11
Hoëveld	10	10	20	10	10
Oostelike Sinode	10	13	23	11	12
Namibië	10	2	12	6	6
TOTALE	**100**	**100**	**200**	**100**	**100**